Oom Polla
se Winkel
sedert-since 1995

10 Santhagen Road
Devon Valley
STELLENBOSCH 7600

PO Box 1327
STELLENBOSCH
7599

CK 95/35559/23 Vat Reg: 4460161948

**Telephone:** (021) 887 7149 | **Fax:** (021) 887 5571 | **Web:** www.oompolla.co.za | **E-mail:** info@oompolla.co.za

21 Oktober 2021

Geagte Ouers

**AANKOOP VAN HANDBOEKE EN SKRYFBEHOEFTES VIR 2022**

Oom Polla lewer reeds die afgelope 26 jaar diens aan plaaslike skole. Daar is tans deelnemende skole in Stellenbosch, Somerset-Wes en Franschhoek. Ons het 'n stelsel ontwikkel wat die verkryging van handboeke en skryfbehoeftes moeiteloos maak:

- **Plasing van bestellings** vanaf 1 November tot die tweede laaste Sondag (9 Januarie) van die skoolvakansie.
- **Geen plasing van bestellings of oor-die-toonbank verkope gedurende die daaropvolgende week** (10-14 Januarie). Dit laat ons toe om die laat betaalde bestellings uit te voer alvorens oor-die-toonbank verkope begin.
- **Oor-die-toonbank verkope**. Vanaf die Maandag (17 Januarie) waarin die eerste kwartaal begin tot einde Oktober.

Let daarop dat die voorraad baie uitgeput is na die uitvoering van bestellings. Dit is dus beter om 'n bestelling so vroegtydifg moontlik te plaas as om te wag vir oor-die-toonbank verkope, wat waarskynlik na-sendings gaan insluit.

Betaalde bestellings word elektronies op die webtuiste geplaas. Ten einde die beste voordeel te trek uit die stelsel, moedig ons u aan om u bestelling so vroeg moontlik in November te plaas. Waar titels in herdruk gaan by die uitgewers, is die leerder se naam hoog op die lys van leerders wat wag vir die boek. Vroeë bestellings help ons ook om vooraf te sien waar daar voorraad tekorte gaan wees, en ons kan betyds aanvul.

**AANLYN BESTELLINGS: 1 NOV – 9 JAN**. Bestellings word direk op die webtuiste geplaas. www.oompolla.co.za

Gedurende die Desember/Januarie skoolvakansie kontak ons u sodra u bestelling/s gereed is om afgehaal te word. U haal dit dan af op 'n tydstip wat vir u geleë is. Daar is 'n opsie op die bestelvorm om u bestelling deur 'n koerier te laat aflewer. Weens Covid-19 beveel ons die koerier-opsie sterk aan. Indien u nie van die koerier-opsie gebruik maak nie, kan die bestelling gedurende die skoolvakansie (vanaf die datum wat ons aan u deurgee nadat u bestelling uitgevoer is) afgehaal word by ons winkel te Santhagenweg 10, Stellenbosch. Geliewe dit so spoedig moontlik te doen nadat u kennisgewing ontvang het dat dit gereed is, aangesien ons beperkte stoorruimte het.

Indien u fisiese hulp benodig met die plasing van bestellings, of verkies om kontant of met kredietkaart te betaal, kan u ons besoek by enige van die onderstaande lokale:

- **Oom Polla se Winkel, Santhagenweg 10, Stellenbosch**
  Vanuit die Adam Tas pad draai u regs in die Devonvallei pad. Die eerste straat links is Santhagenweg. Ons is geleë oorkant die parkeerarea van die Woodmill Lifestyle Centre.
  Handelsure: Maandae – Vrydae 9:00 – 16:00
  Saterdae 9:00 – 12:00 (begin November – einde Januarie)
- **OomPolla@PV op Hoërskool Parel Vallei se gronde, Somerset-Wes**
  Handelsure: Dinsdae en Donderdae 12:00 – 15:00
- **Gesluit: Oom Polla@HSS op Hoërskool Stellenbosch se gronde**
  Hierdie winkel het gesluit. Indien daar na-sendings is op u bestelling/s, sal dit na die skool geneem word sodra ons dit ontvang, en personeel sal dit aan die leerder/s oorhandig.

Navrae kan gerig word aan info@oompolla.co.za

Vriendellike Groete

**Die Oom Polla-span**